**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

# Moontlike Antwoorde Supp 2007

AFDELING A
**POËSIE**

**VRAAG 1**

1.1 goeie slag geslaan / hy's ryk / hy het geërf. (1)

1.2 Ja. (1)

1.3 Om te verduidelik waaroor die gedig handel./
Om te verduidelik hoe die gedig ontstaan het/
Om te verduidelik watter gebeurtenis tot die skryf van die gedig gelei het. (1)

1.4 Staan tussen hakies
Is kursief (skuins) gedruk. (2)

1.5 Van der Merwe is 'n baie algemene van en hierdie man se dood word daardeur universeel van alle mense se dood. (2)

1.6 Daarna word verduidelik in watter verhewe / stroef taal die koerantberig geskryf is./ Die koerantberig word aangehaal. (2)

1.7 Tranedal / beslommernisse. (1)

1.8 Nee. Hy erf geen geld nie. (2)

1.9 Die herhaling maak die gedig sangerig - dit is 'n treurlied./
Die herhaling skep eenheid/ skep 'n patroon /
Die herhaling dui ontwikkeling / progressie aan. (½)

**[12½]**

**OF**

**VRAAG 2**

2.1 Die mense in die bus is magteloos (uitgelewer aan roetine).
Die mense in die bus werk daagliks baie hard.
Die mense in die bus is in 'n daagliks roetine vasgevang. (Noem 1) (1)

2.2 Dit suggereer die moeisame voortbeweging van die bus. (1)

2.3 suf / moeg. (1)

| | | |
|---|---|---|
| 2.4 | Dit dui op die paar (twee mense) / dit dui op die jong man en die jong meisie. | (1) |
| 2.5 | Voorwerpe (figure) wat nie heeltemal sigbaar vanuit die bus is nie. / A.g.v. beweging word verskeie dinge slegs effens waargeneem. | (1) |
| 2.6 | <u>s</u>it hulle <u>s</u>uf / <u>m</u>et <u>m</u>onde <u>m</u>oeg | (1) |
| 2.7 | Alliterasie. | (1) |
| 2.8 | Beklemtoon die werkers se moegheid (morbiede stemming). | (2) |
| 2.9 | Versreëls is omgeruil /<br>r. 1 en 2 van die strofes is omgeruil. | (1) |
| 2.10 | skril / gekners (skommel en swaai dui nie primêr op klanke nie, maar op beweging). | (½) |
| 2.11 | Die passasiers: ek kan my indink hoe hulle moet voel / ek kry hulle jammer.<br>Die twee verliefdes: ek is self nog jonk / ek probeer altyd die positiewe in alles raaksien / ek probeer altyd met mense om my kommunikeer. | (2)<br>**[12½]** |

**EN**

**VRAAG 3**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Die verbreking van 'n liefdesverhouding. | (1) |
| 3.2 | Hartseer / bitterheid. Toonaard. | (1½) |
| 3.3 | my. | (1) |
| 3.4 | Die maklikste weg terug na haar geliefde /<br>Die toestand van bymekaar wees (geluk) / sekerheid. | (1) |
| 3.5 | Leuens wat die geliefde haar vertel het. | (1) |
| 3.6 | Suggereer dat niks verander het nie, die spreker bly dus verbitterd en kry geen antwoord (oplossing) nie/<br>Beklemtoon dat die spreker vergeefs probeer soek het na die geliefde /<br>Dit tree as bindingsmiddel op. (Noem 1) | (1) |
| 3.7 | Beklemtoon dat die spreker verdwaal (verward) is /<br>Beklemtoon die spreker se soeke /<br>Beklemtoon die spreker se onsekerheid./ Stel die sin in vraagvorm. | (2) |
| 3.8 | Koggel. | (1) |
| 3.9 | Herinnering - vergeet. | (1) |
| 3.10 | Nee: iemand wat jok, sal nie verander nie.<br>Ja is onaanvaarbaar.<br>(Steeds 1 punt vir nee, al is die motivering nie logies (gepas) nie.) | (2)<br>**[12½]** |

**OF**

**VRAAG 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | bordienghuis / Tant'-Tolie-met-die-kanker. | (1) |
| 4.2 | Dit dui aan hoe die fiets tot stilstand kom/<br>Visualiseer die beeld van die fiets wat gaan staan/<br>Vertraag die tempo (slegs 1 punt). | (2) |
| 4.3 | Die motortjies op die nasionale pad. | (1) |
| 4.4 | Figuurlik (1). Kroeg / kantien / drinkplek (½) | (1½) |
| 4.5 | Hy is oud.<br>Hy is moeg. | (2) |
| 4.6 | 'n Soort voël. | (1) |
| 4.7 | Omdat hulle ver weg is. | (1) |
| 4.8 | swart mense / inwoners van die "lokasie". | (1) |
| 4.9 | lokasie. | (1) |
| 4.10 | Die dood / onheil / wysheid. | (1)<br>**[12½]** |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B
**DRAMA**
***DIE KEISER* – Bartho Smit**

**VRAAG 5**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Nee. Hy het niks gesien nie / daar is geen klere nie. (Ja is foutief). | (2) |
| 5.2 | Hy spreek Tiengelieng as Dame aan. | (1) |
| 5.3 | Iemand wat op uiterlike pronkerigheid roem. | (1) |
| 5.4 | Seurtjie. | (1) |
| 5.5 | Eers is hy vol verwagting.<br>Dan is hy verdwaas. | (2) |
| 5.6 | Utopia. | (1) |
| 5.7 | Om by te kom / Om van skok te herstel. | (1) |
| 5.8 | Ietwat (slegs 1 woord). | (1) |

5.9 Letterlik. (1)

5.10 Die Groen Tier. (1)

5.11 Die dubbele leesteken (vraagteken en uitroepteken).
Die feit dat Maarskalk net 1 woord sê (die kort reël). (2)

5.12 Hy maak of hy geskok is / Ons weet hy is deel van die opstand teen die Keiser. (1)

5.13 Die Wewers (Kim-hulle) het dit gesteel. (2)

5.14 Hulle is omgekoop om stil te bly. (1)

5.15 Verbasing /ongeloof / skok / verleentheid / verslaenheid. (1)

5.16 Die Wewer beweer hulle is eerlik en het niks om vir die Keiser weg te steek nie.
Dit kan ook beteken dat daar geen klere is nie / daar is niks nie. (2)

5.17 Dat daar geen klere is nie. (1)

5.18 Hy wil nie dom lyk nie.
Hy wil nie wys hy is onbekwaam vir sy werk (as heerser) nie. (2)

5.19 Die klere maak die man. (1)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 6**

6.1

- Die modes is streng volgens die modes van Versailles aan die einde van die 17de eeu. Warm klere met pruike en grimering.
- Die kleredrag dateer uit Lodewyk 14 se tyd.
- Dit is enersyds outyds en andersyds heeltemal te warm vir die klimaat in Ekwator (op die ewenaar). Die klere is onprakties (vgl. die koffiespatsel op Diplomaat se krawat).
- Klere is veral belangrik vir Kultuur en die Keiser.
- Kultuur sê dit word nie vir die mooiheid of gerief gedra nie, maar dien as borswering teen die barbarisme. Die Keiser glo weer die klere maak die man.
- Diplomaat het 'n koffiespatsel op sy krawat en is deur die Keiser berispe. Aanklag: die vuil krawat skaad die beeld van Ekwator as die beskaafdste land op aarde se beeld in die buiteland. 'n Vuil krawat tas ook Diplomaat se menswees aan.

- Idioom: die klere maak die man. Dit was Hofnar se oupa se gesegde en beteken dat die mens se innerlike of persoonlikheid aan sy klere geken kan word. (Vgl. Diplomaat met 'n vuil krawat - sy innerlike lewe is dus ook verrot / aangetas.)
- Die Keiser besluit om die idioom tot slagspreuk vir die kinders op skool in Ekwator te proklameer.
- Brandende klere word simbool van 'n skuldige gewete (vgl. die mal Keiser).
- Eie mening. Nee. Ten spyte van sy kaalheid, juig die volk die Keiser aan die einde toe en besing hom as heilige. (15)

6.2

- Die wewers ( Groen Tier en Tiengelieng) wil die Keiser onttroon.
- Hulle gee voor hulle kan 'n wonderkostuum weef vir die Keiser se optog wat nie gesien sal kan word deur bedrieërs en onbekwame mense nie.
- Hulle reël dat die Keiser en Keiserin se klere gesteel word (Kim) en beoog dat die Keiser kaal in die optog moet loop sodat die gepeupel hom kan verskeur.
- Andersins wil hulle hê die Keiser moet die optog kanselleer, afstand van die troon doen en die mag aan hulle oorgee.
- Dit is die Keiser se halfeeufeesviering.
- Vir die fees is die Paleisstad gebou. Van elke vors wat die fees gaan bywoon, is 'n replika van sy paleis in suiwer goud gebou.
- Die kroon simboliseer mag. Toe dit van die Keiser se kop afrol, toe hy flou word, het dit die einde van sy heerskappy aangedui. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

AFDELING C

**PROSA**

**VRAAG 7**

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

7.1 . . . maak nie die olifante dood . . . (1)

7.2 Hy gaan nie skool nie / hy voel minderwaardig. (1)

7.3 Hy is skaam / selfbewus voor Kate. (1)

7.4 Hy het uitgevind die bloubokkie se gal sit nie in sy kop nie.
Hy kom vir die eerste keer op Knysna./ moontlike ander sinvolle dinge. (2)

7.5 Die feit dat hulle olifante se tande trek.
Die feit dat die bloubokkie se gal in sy kop sit. (2)

7.6 MacDonald se uitkom uit die skuur het Saul van Kate verlos. (1)

7.7 Sy ma. (1)

| | | |
|---|---|---|
| 7.8 | Die houtkappers word deur die houtkopers bedrieg. Die houtkappers verarm en die houtkopers word ryker. | (2) |
| 7.9 | Nee. | (1) |
| 7.10 | Daar is doodgetrek /doodgekrap / oorgeskryf in die skuldboek. | (1) |
| 7.11 | Herhaling. | (1) |
| 7.12 | Goodfor is soos krale ingeryg./ Die inskrywings in die boek (goodfors) lyk soos krale wat ingeryg is. | (2) |
| 7.13 | Hy sê hy verstaan nie Engels nie, maar praat dit tog. | (2) |
| 7.14 | Hy [onderdruk] 'n glimlag. | (1) |
| 7.15 | MacDonald<br>Patterson wou die loeries bestudeer. | (2) |
| 7.16 | MacDonald vermoed dat Kate by Saul kom kuier. | (1) |
| 7.17 | Bos met die hoofletter verwys na die bos as eienaam. Bos met 'n kleinletter verwys na 'n versameling bome / minagtend na die bos. | (2) |
| 7.18 | Omdat hy Saul onder 'n verkeerde indruk probeer bring. | (1)<br>**[25]** |

## VRAAG 8
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | David. | (1) |
| 8.2 | 200 houe met 'n sweep geslaan. | (2) |
| 8.3 | Die priester. | (1) |
| 8.4 | Draagbaar met ou planke aanmekaar getimmer.<br>Kaal voete.<br>Kleivloer.<br>Kerse wat flikker (noem 2). | (2) |
| 8.5 | Rosekranse (een woord) | (1) |
| 8.6 | Dwaal (1 woord). | (1) |
| 8.7 | Dat hy O Máille doodgemaak het en<br>dat hy by Liam aan huis was. | (2) |
| 8.8 | Hy het met hulle niks te make nie. | (1) |
| 8.9 | Volgens sy status as broer van Arthur, die landheer, durf David nie vir Séamas Bán en Liam besoek nie, maar tog ervaar hy die drang om dit wel te doen. | (2) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8.10 | ’n Reënbui het hom en Alice oorval toe ontmoet hulle Liam in ’n hut waar hulle skuiling gesoek het. | | (2) |
| 8.11 | Alice en Arthur. | | (2) |
| 8.12 | Om Ierland te leer ken. | | (1) |
| 8.13 | Dit sal verdwyn. | | (1) |
| 8.14 | ’n Kind verander maklik sy gesindheid / planne. | | (1) |
| 8.15 | Verander. | | (1) |
| 8.16 | Alice het heeltemal van standpunt verander/<br>Alice verwyt David vir wat hy vir die Iere gedoen het /<br>Alice se lojaliteit aan die Iere het verander. | | (1) |
| 8.17 | in modder vasval;<br>jou klere skeur;<br>jy moet natreën. | Enige 2 | (2) |
| 8.18 | Nee. (ja is onaanvaarbaar). | | (1)<br>**[25]** |

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | As hy nie Lukas van Rooyen is nie, is hy niemand / hy weet nie wie hy werklik is nie. | (1) |
| 9.2 | Barta se erkenning dat Lukas nie hulle kind is nie. | (2) |
| 9.3 | In die beengrot. | (1) |
| 9.4 | . . . hom sien versigtig raak . . . | (1) |
| 9.5 | Weersin. | (1) |
| 9.6 | Hy is baie maer / hy het gewig verloor. | (1) |
| 9.7 | Die olifante. | (1) |
| 9.8 | Ja / Nee. | (1) |
| 9.9 | Ja: Dit bly verskriklik as iemand so deur olifante vermorsel is.<br>Nee: Elias het daarna gesoek. (Kandidate verdien geen punt in 9.8 as daar nie in 9.9 ’n sinvolle motivering volg nie). | (1) |
| 9.10 | Moontlike roepgeluid van Elias. | (1) |
| 9.11 | Dit skei Lukas en Barta se gesprek van die beskrywing van Elias se toestand / Dui kort tydsverloop (ruimtelike wisseling) aan. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 9.12 | Elias is nie Lukas se pa nie. | (1) |
| 9.13 | Skok. | (1) |
| 9.14 | Omdat Lukas die Bos verlaat het. | (1) |
| 9.15 | Hond | (1) |
| 9.16 | Hy wil by Barta weet of hy haar kind is. | (1) |
| 9.17 | Barta sal met Lukas oor sy identiteit moet praat. | (1) |
| 9.18 | Hy wou by Barta weet of hy werklik haar kind is. | (1) |
| 9.19 | angsbevange / bewe. | (1) |
| 9.20 | | |
| 9.20.1 | Op aandag / hulp / bystand. | (1) |
| 9.20.2 | Op 'n antwoord oor sy identiteit. | (1) |
| 9.20.3 | Lukas. Hy is jonk en Barta se antwoord kan sy hele lewe beïnvloed. | (2) |
| 9.21 | Ter beklemtoning. | (1) |
| | | **[25]** |

## VRAAG 10
## *TOORBERG* – Etienne van Heerden

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Hy is net tydelik hierheen gestuur / Hy werk nie permanent hier nie. | (1) |
| 10.2 | Die gruis word gelyk gehark.<br>Die bandiete doen dit. | (2) |
| 10.3 | Na die dubbelpunt word die nuus aangekondig / verduidelik. | (2) |
| 10.4 | Die magistraat het hom nog nie ondervra nie. | (1) |
| 10.5 | 1½ dae. | (1) |
| 10.6 | Ag so. | (1) |
| 10.7 | | |
| 10.7.1 | Hy is dood. | (1) |
| 10.7.2 | Op die solder. Hy het met sy geweer in sy hande gesit. | (2) |
| 10.8 | | |
| 10.8.1 | Met sy oorlede vrou. Hy skryf briewe aan haar. | (2) |
| 10.8.2 | Sy is lankal reeds dood. | (1) |

10.9 Albei het ’n liggaamsgebrek. Die magistraat het ’n stompie-arm en De la Rey se een been was mank. (2)

10.10 Leë blikkie salf - vol blikkie salf. (1)

10.11 Die klerk is ongeïnteresseerd. (1)

10.12 In *Toorberg* word dooies lewendig en tree lewendig op. (1)

10.13 Hulle was vroeër op mekaar verlief. (1)

10.14 Omdat hulle inderhaas moes kom. (1)

10.15 Die feit dat hy glimlag. (1)

10.16 Van geboorte af. (1)

10.17 Rook sigare.
Drink whisky. (2)

**[25]**

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**

**VRAAG 11**
***KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee**

11.1

- ’n Buitestander of outsider in die letterkunde verwys na ’n karakter wat geheel en al los van ander mense of groep mense bestaan. Die buitestander kan hom met geen groep of persoon identifiseer nie.
- Maska sê: “Saul Barnard was van altyd af eiewys en annerster.” Dit is inderdaad so, want hy is die enigste kind in sy gesin wat kan lees en skryf.
- Dit is hy wat die bloubokkie se gal oordink, navors en as verkeerd bewys.
- Met die kap van die kalander weier Saul om deel daaraan te hê. Vir hom lewe die boom. Dit is ook die innerlike stem in Saul wat hom wysmaak dat die Bos nie vernietig moet word nie.
- Saul besef die houtkopers se onregverdigheid. Hy is die enigste wat besef dat die houtkappers in ’n web vasgevang sal bly.
- Daar ontstaan konflik tussen Saul en Jozef, asook tussen Saul en sy pa.
- Joram jaag Saul weg.

- Saul delf eenkant. Hy steek sy skerm weg. Hy verjaag die delwers as hy op ’n horing blaas en ’n olifant se getrompetter naboots.
- Hy raak vriende met Peter Crompton, Morris en Brown, maar bly alleen delf. Hy wil ook nie ’n vennootskap met een van hulle sluit nie.
- Saul is verbitterd as hy sien hoe die delwers die Bos verniel; hy staan dus in dié opsig alleen.

- Die olifantbul, Oupoot, beweeg alleen deur die Bos net soos Saul 'n enkeling is. Hy is die leierolifant in die Bos.
- Die besondere band tussen Saul en Oupoot word duidelik in die eerste ontmoeting tussen hulle. Hy is veertien (oorgangstydperk). Hy het Saul intens aangekyk en dit het gevoel of hy simpatiseer met die dood in hulle familie.
- Elke keer as Saul in die moeilikheid is, verskyn Oupoot aan hom en hy kry die gevoel dat Oupoot hom dophou.
- Oupoot is Saul se dierbroer. Albei verteenwoordig die sterkste onder die sterkstes. Omdat Oupoot Saul se broer is, wil hy hom eerder self skiet as om hom te laat verneder deur Freek Terblans se doodskoot.

- Buitestanderskap opgehef: eie antwoord, wat gemotiveer moet wees. (20)

11.2

- Die regering stel 'n boswagter aan om toe te sien dat die natuur bewaar word. Dieselfde regering bou 'n spoorlyn en eis hout van die houtkappers. Die houtkappers wat kaplisensies het, lewer hout aan die houtkopers.
- Ongelukkig buit die houtkopers soos bv. MacDonald hulle uit. Hulle word die minimum vir die hout betaal en word in die skuld gehou, sodat hulle seker kan wees dat daar weer hout gekap sal word.
- Samevattend kan gesê word dat die houtkappers die Bos uitmergel, en die houtkopers weer die houtkappers uitmergel. In die proses word die bome vernietig. (5)

**[25]**

## VRAAG 12
## *BY FAKKELLIG* – Karel Schoeman

12.1

Ø <u>Vroeë ontmoetings</u>

- Toe David en Alice gaan stap en hulle deur 'n reënbui oorval word, gaan skuil hulle in 'n boerehut.
- Liam was daar teenwoordig. David het openlik op hom neergesien omdat Liam van 'n laer stand was.
- David was ook jaloers op sy Latynkennis.
- By Droim Cille het bedelaars David en Alice omring en dit was Liam wat tot hulle redding gekom het.
- Liam het hulle uitgenooi om by sy skooltjie besoek te kom aflê.
- David en Alice lê besoek af by Liam se skool waar hy aan Alice verduidelik hoe swaar die Ierse kinders kry. David het heeltyd afsydig gebly. Liam is trots en gooi die muntstuk wat David vir hom gegee het, weg.

Ø <u>O Máille se dood</u>

- Na Arthur en Alice Dublin toe is, was David weer stoksielalleen.
- Hy wandel een dag deur die woud en hoor ’n pagtervrou wat hout optel, skreeu.
- O Máille, die jagopsigter het haar met ’n stok geslaan omdat sy nie hout mag optel nie.
- David het eers op O Máille geskreeu, maar dit het geen reaksie uitgelok nie.
- Hy val hom van agter af aan.
- Liam kom op die toneel af en deel David mee dat O Máille dood is, sy nek is gebreek. Dit was ’n ongeluk. Hy help David om van die lyk ontslae te raak.
- Liam nooi David om vir hom te kom kuier. Hulle word hegte vriende. David erken dat hy nog geen ware vriend gehad het nie. So ook bely Liam. David word uiteraard nou by die Iere betrek.

Ø <u>Liam sterf</u>

- Liam is wreed doodgeslaan deur die soldate (200 houe met ’n sweep).
- Priester O Floinn laat weet David en David kom lê besoek af, beskou die lyk en betoon die laaste eer aan Liam. Hy besef hy het ’n vriend verloor.
- Die priester se vroeëre poging om David tot die daad oor te laat gaan kry nou eers trefkrag.
- David raak by die opstand betrokke, steel wapens, maar word gevang.

Ø <u>Eie mening</u>

- David neem sonder hartstog aan die opstand deel. Hy doen dit dus nie met oorgawe nie.
- Daarom bly hy ’n buitestander.
- Kandidate mag dalk hiervan verskil, maar moet hulle siening dan net motiveer. (10)

12.2

Ø <u>Ruimte</u>

- Die Mis is op Oukersaand buite in ’n dal rondom ’n altaar gehou. Daar is nie sprake van ’n kerkgebou nie. Die Protestantse diens is op Kersfeesoggend in ’n kerkgebou gehou.

Ø Kerkgangers en atmosfeerverskil

- Die Rooms-Katolieke kom in hulle verslete klere, kaalvoet en baie stil dus, van alle kante (rigtings) aan met brandende fakkels. In die koue dra hulle mantels.
- Die diens is eenvoudig, maar aandoenlik, mooi. Die priester is in wit geklee. Almal kniel voor die altaar.
- By die Protestantse diens is almal deftig aangetrek en dit lyk eerder na ’n modeparade.
- Vroue se skoeisel raas op die plaveisel.
- Daar word in die kerk plekke aangewys en almal neem plaas volgens rangorde: hoofbediendes, huishoudsters en kameniere.
- Daar is ook nie so ’n massa mense soos by die Mis nie.

Ø David word geraak

- David kniel nie tydens die Mis nie, bly ’n buitestander, maar iets in sy binneste verander tog wel: “By fakkellig is alle dinge vir hom verander, en die wêreld van die daglig kan hy nie meer terugvind nie.”
- Tydens die Protestantse diens verveel die dominee se preek hom. Hy raak byna aan die slaap. Dit is nie vir hom aangrypend nie. Ook hier sit hy as buitestander alleen in die familiebank.

Ø Eie mening

- Dit moet gemotiveerd wees. (15)

**[25]**

## VRAAG 13
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

13.1

Ø Verskil tussen die voorkoms en klimaat

- In die Lange Kloof is dit baie warm en droog. Mense daar sukkel om ’n bestaan te maak.
- Hierteenoor staan die Bos. Dit is ’n welige, ruie gebied, waar mens maklik kan verdwaal.
- In die mis kan ’n mens ook maklik die pad byster raak (vgl. die argument dat Lukas in die mis sou verdwaal het).
- Die olifante is ’n groot gevaar vir voetgangers.
- Die bosvloer is meestal klam.

Ø <u>Mense en bedrywighede</u>

- Die mense van die Bos is geharde houtkappers wat ongelukkig deur die houtkopers uitgebuit word. Dit is vir hulle moeilik om 'n bestaan te maak.
- Elias van Rooyen en Barta woon op Barnard-se-Eiland.
- Elias is 'n lui mens wat lankal nie meer houtkapper is nie, maar hom op skrynwerk toelê. Hy maak balke, want dit is veel lonender.
- Hulle kinders is Willem, Nina en Kristoffel.
- Fiela en Selling woon op Wolwekraal. Selling is nie meer baie sterk nie; hy ly aan die swakte a.g.v. sy tronkstraf (harde arbeid wat hy moes doen). Hy lê hom toe op die brei van velle, maak van karwatse en swepe, asook skoene.
- Fiela boer met volstruise.
- Sy is geletterd want sy kan lees en skryf. Sy is 'n baie trotse mens.
- Die bosmense is ongeletterd. Lukas moet byvoorbeeld vir hulle uit die Bybel lees.
- Fiela-hulle se kinders is Kittie, Dawid en Tollie; ook natuurlik haar hanskind, Benjamin.

Ø <u>Eie mening</u>

- Dit moet gemotiveerd wees. (15)

13.2

Ø <u>Lukas word deur die see bekoor</u>

- Toe Lukas uit die Bos kom, sien hy die verlate skip by Noetzie en hy identifiseer daarmee.
- Die ooptes was vir hom wonderlik; anders as die Bos wat ruig is en hom benoud gemaak het.
- Hy kan nie meer terug Bos toe gaan nie.
- Hy bewonder die skepe (herinner hom aan sy kinderdae toe hy met die skepe op die vangdam gespeel het).

Ø <u>Kaliel</u>

- Hy trek by Kaliel se houthuis in.
- Dié wys vir hom 'n wêreldkaart, wat hom beïndruk. Dit laat 'n nuwe wêreld vir hom oopgaan.
- Hy voel skuldig omdat hy Elias-hulle net so gelos het, maar sus sy gewete; hy sal vir Elias-hulle geld stuur en hy kan terselfdertyd vir Nina oppas.

Ø <u>Nina</u>

- Lukas en Nina probeer hulself in hierdie tydperk te Knysna vind.
- Hy besef hy kan nie Lukas wees nie, want hy voel aangetrokke tot haar.
- Sy is ook op hom verlief.
- Tog haat sy die seevoëls teenoor die bosvoëls, maar bly daar ter wille van Lukas.
- Sy vertel in die Bos dat hy nooit weer gaan terugkom nie.
- Die liggaamlike eenwording met Nina is die antwoord dat sy nie sy suster kan wees nie.
- So ontdek hy dat hy nie Lukas van Rooyen is nie. (10)

**[25]**

**VRAAG 14**
***TOORBERG* – Etienne van Heerden**

14.1

Ø <u>Toorberg</u>

- Die naam Toorberg is aan die geheimsinnige kop aan die bokant van die Moolmans se plaas gegee. StamAbel het die naam vir die plek gegee omdat hy "... die wonder van dié nuwe wêreld met sy oog, vleie en gras nie heeltemal begryp het nie."
- Gerugte oor die tokkelossie, die dierelewe (tiers en bobbejane), die geluid van die borrelende oog, die mistigheid om die kop en die kranse en grot dra alles by tot die spookagtigheid op dié plaas.
- Daarbenewens is daar gereeld spore en tekens van afgestorwenes.

Ø <u>StamAbel</u>

- StamAbel word so genoem omdat hy die stamvader van die Abels en die Moolmans is. StamAbel en sy spoorsnyer, HansBoesman, het die Oog hoog bo in Toorberg ontdek toe hulle agter die reuk van die water aangetrek het en hy het onmiddellik besluit om 'n grondbrief vir Toorberg van die naaste landdros aan te vra.
- Daarna was hy twaalf weke lank siek, maar het toe met koorsagtige haas en harde werk die plaas binne drie jaar omskep in die spogplaas van die kontrei.

Ø <u>KênsTillie</u>

- Sy is die dogter van Abel en Ella Moolman en ook die moeder van Noag of Druppeltjie du Pisani. Alhoewel sy besonder mooi was, is sy met 'n afwyking gebore wat haar die naam KênsTillie besorg het.
- Sy is ook nooit deur Abel Moolman as een van die Moolmans aanvaar nie en haar seun, Noag, sou nog minder aanvaar word vanweë die swerwersbloed van sy vader. Die Slams het aan Ella die raad gegee dat KênsTillie daggatee moes drink om haar kalm te hou.

Ø Noag

- Die naam Noag vir KênsTillie en Waterwyser du Pisani se kind sinspeel op die kind se verbintenis met water en sy vermoë om te bepaal waar onderaardse water is.
- Sy bynaam, Druppeltjie, wat uiteraard ook met die watermotief verband hou, het ontstaan na aanleiding van 'n druppeltjie wat sewe maande lank na sy geboorte aan sy linkerwang bly kleef het.
- Soos sy ma het Noag, volgens die Slams, die gawe van die "binneste oë" wat geeste en dinge sien wat ander mense nie kan sien nie. (15)

14.2

Ø Plaasopstal in teenstelling met die Stiefveld

- Daar is 'n opvallende kontras tussen die Moolmans en die Skaamfamilie. Dié kontras manifesteer alreeds in die woonruimtes van hierdie twee groepe.
- Toorberg, die eiendom van die trotse Moolmans, is die spogplaas van die kontrei. Daar is die grootste opstal in die kontrei met slaapkamers en gastekamers en buite loop die boerboele en skrik onwelkome gaste af.
- Ella versorg die plek met sy roos- en fyntuin keurig.
- Teenoor hierdie simbool van welvaart is daar die Stiefveld, waar Kaatjie Danster en die ander nasate van Floors Moolman en Ouma Kitty Riet woon.
- Jy ry deur 'n konsertinahek oor 'n klipperige pad vol bottelskerwe na Kaatjie se huis toe.
- Geriewe is min en 'n vuurherd en kamerpotte word nog gebruik. Die mense drink uit blikbekers en ál melk wat beskikbaar is, is bokmelk.
- Die mense se bokke wei in arm grond en Shala laat soms toe dat hulle snags deur die draad kruip en tussen die skape van die Moolmans wei.

Ø Die Moolmans teenoor die Skaamfamilie

- Die Moolmans handhaaf 'n besondere soort trots en sien op die Skaamfamilie neer.
- Ons sien byvoorbeeld dat die nakomelinge van Floors Moolman en Ouma Kitty Riet nooit as Moolmans erkenning kry nie en dat daar ook nie aanvaarding is vir iemand soos KênsTillie en haar kind nie.
- Shala en Oneday is in opstand teen hierdie houding van die Moolmans, terwyl DwarsAbel weer van die ander kant af 'n uiters ongenaakbare houding inneem.

Ø Eie mening

- Kandidate moet hul eie gevolgtrekkings verwoord. Dit is ironies dat die Moolmans neersien op mense waarmee hulle bloedbande het en inderwaarheid ook Moolmans is.
- In 'n sin beeld dit die Suid-Afrika uit waarin rasseskeiding tot konflik en hartseer gelei het.

(10)
**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

**TOTAAL: 75**

## Assesseringsinstrument (Rubriek)

| Norm | Letterkunde: Paragraaftipe Vraag: 20/15/10 | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **1.** | Beplanning, paragrafering, inleiding en afsluiting. | Goed beplan, inleiding gee struktuur en slot vat logies saam. | Nog goed gestruktureer, maar nie heeltemal so heg nie. | Neig om onsamehangend te raak. | Skryfstuk is nié ? goeie geheel nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **2.** | Sinsbou, spelling, leestekens en woordgebruik. | Logiese sinne, min spelfoute, verskeie leestekens effektief gebruik, goeie woordgebruik. | Sinne, woordkeuses, spelling en leestekens is só dat die paragraaf maklik lees. | Sinne is lomp en moeilik verstaan-baar, spelfoute algemeen, lees-tekens en woord-gebruik beperk. | Taalfoute is té algemeen om ? redelike punt te verdien. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **3.** | Duidelike hoofgedagtes. Uitvoering van spesifieke opdrag. | Hoofpunte is goed gedefinieer en sluit direk aan by gegewe opdrag. | Hoofpunte word onderskei, maar is effens vaag en sluit nié so direk by opdrag aan nie. | Opdrag en skryfstuk sluit nie. Meer ? geklets as wetenskaplike aanbieding. | Geen inhoudelike struktuur nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **4.** | Ondersteunende bewyse. | Skryfstuk toon goeie insig in begrippe en die korrekte bewyse uit die teks word gebruik vir stellings. | Steeds insig en grootliks toepaslike bewyse vir stellings. | Opdrag word inhoudelik nie duidelik verstaan nie en bewyse is effens lukraak. | Gebrek aan enige insig en bewyse met substansie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| **5.** | Kennis van die literêre werk. | Skryfstuk toon dat die teks gelees is en as geheel verstaan word. | Teks is duidelik gelees en die werk word verstaan, maar nié so volledig soos by Norm 4 nie. | Inhoudelike foute en oorsigtelikhede toon ? gebrek aan leeskennis en begrip van die teks. | Die werk is nié gelees nie en word glad nie verstaan nie. |